### *Judas se teenstand en vrae oor reis sonder geld*

**136** Maar nou vra **Judas**: "Meester, dit is alles in orde en ons sal by die boere sekerlik sonder geld goed versorg word; maar ons sal tog ook na die stede en markte moet gaan, waar die gasvryheid van vroeër al lankal verdwyn het. Hoe kan ons daar sonder geld aan die lewe bly of iets doen?"

[2] **Ek** sê: "As julle `n stad of `n mark besoek, vra dan (want julle weet tog waartoe julle in staat is) of daar iemand is wat julle hulp verdien en dit nodig het wat julle kan gee! As julle so iemand vind, bly dan by hom tot julle daarvandaan weer êrens anders heen moet gaan! *(Matthéüs. 10:11)*

[3] Die spreek egter vanself dat jy die huis waar jy intrek, eers begroet *(Matthéüs. 10:12);* **want die ware liefde is altyd welgemanierd in anderman se huis.** As `n huis, dit wil sê, die bewoners daarvan, julle werd is, dan sal julle vrede oor hulle kom; is die huis julle egter nie werd nie, dan sal die vrede weer tot julle terugkeer. *(Matthéüs. 10:13)*

[4] En as die bewoner van `n huis jou nie aanneem nie, of nie wil luister na wat jy sê nie, gaan dan dadelik weg van so `n huis af en ten slotte ook uit so `n stad uit en skud selfs die stof wat aan jou voete kleef, af as `n belangrike getuienis oor hierdie stad wat eendag gebruik sal word! *(Matthéüs. 10:14)* Want dit is die waarheid as Ek vir jou sê dat dit by die laaste oordeel in die ander wêreld vir die land van die bewoners van Sodom en Gomorra minder erg sal gaan as vir so `n stad! *(Matthéüs. 10:15)*

[5] Kyk! Ek stuur julle soos skape onder die verskeurende wolwe in; wees dus oral slu soos slange, maar daarby sonder valsheid soos duiwe, wat `n simbool van sagmoedigheid is!" *(Matthéüs. 10:16)*

[6] Daarop sê **Judas:** "Meester! As sake dan so staan, sal ons oor die algemeen nie veel bereik nie! Watter sin het die toekomstige laaste oordeel in die geesteswêreld, waaraan haas geen mens meer glo nie? As ons met die volkome goddelike mag wat ons nou van U gekry het, geen laaste oordeel, so streng as wat moontlik en noodsaaklik is, oor die verskeurende wolfmense kan of mag uitspreek nie, dan kan ons maar liewer tuisbly! Want as ons teenoor sulke wolwe, wat veral in die stede volop aanwesig is, ook maar enigsins luid oor U gaan getuig, dan sal mense ons gryp, boei en na die raadshuis sleep en daar streng oor ons regspreek; en mense sal ons dan, as die vonnisse nie te hard is nie, tog minstens in die teenwoordigheid van die Judeërs in die skole gésel en ons ten slotte as voëlvry die stad uitjaag. Regtig, vir dergelike toestande bedank ek by voorbaat! Wat het dan al die wysheid, waarheid en die grootste eerlikheid voor nut, as daarteenoor die willekeurigste geweld in blinde ywer te kere gaan?

[7] As daar volle waarheid en ware geregtigheid bestaan, waarvoor die teenswoordige mensdom nie die minste gevoel het nie, dan moet ook by ons die Romeinse beginsel geld: "Al gaan die hele wêreld ten gronde, die reg sal toegepas word!" Die ware deug moet altyd beloon word; die leuen, afguns, gierigheid, valsheid en al die ongeregtigheid moet altyd onverbiddelik gestraf word! As ons iets wil bereik met die tans byna geheel verworpe, slegte mensdom, dan moet ons optree soos engele oor Sodom en Gomorra. Wie na ons luister en ons in U Naam aanneem, vir hulle sal die loon van U barmhartigheid ten deel val; wie egter nie na ons luister en ons nie wil aanneem nie, moet besoek word deur `n plaag! Mag hy wat ons wil vervolg en voor `n wêreldlike gereg wil bring, `n verterende vuur uit die hemele oor hom heen kry, en mag daardie vuur met hom doen wat dit eens met die Sodomiete gedoen het!

[8] Meester, as U ons toestaan om so te werk, dan sal ons ook heeltemal verseker hierdie huidige sending met goeie gevolge uitvoer. As ons egter nie so mag handel met die uitermate bedorwe en ontaarde mensdom nie, dan is al ons moeite en al ons werk tevergeefs. Uiteindelik word ons gestenig en u Self sal, as daar `n moontlikheid voor is, gedood word en ons immers baie teenstanders sal in `n oorwinningsroes laggend oor ons lyke heen gaan. En dit sal dan ook al wees wat ons met al die misplaaste goedheid, toegewendheid en sagmoedigheid sal bereik. Kort en goed, om iets met die satan uit te kan rig moet mens hom óf volkome die baas wees óf hom as kneg dien, anders kom alles tot niks!"

### *Die antwoord van die Meester op Judas se sendingvoorstel*

**137** **Ek** sê: "Omdat jy `n mens van hierdie aarde is, daarom praat jy ook soos `n mens van hierdie aarde. Hy wat egter van bo gekom het, praat anders, omdat Hy alleen insien en die beste weet wat die mens ten alle tye nodig het, sodat sy gees vry kan word van die almag en van die toorn van Elohim en vir ewig ware selfstandigheid sal bereik.

[2] Want die aardse lewe gee die gees nòg lewe nòg vryheid van lewe, maar die dood; die aardse dood is egter die geboorte van die gees tot die Ewige Lewe en die daarby behorende ware, ewige vryheid.

[3] As Ek op menslike manier wil praat, dan sê Ek vir jou dat dit alles en nog veel meer al vir die mensdom

gedoen is, en sê jy nou self waar is, volgens jou, die goue vrugte daarvan?

[4] Hoeveel beter het die mense op hierdie aarde geword ná wat daar gebeur het ten tye van Noag, as wat hulle was daar vóór? Wat gebeur nie lank daarna met Sodom en Gomorra nie?

[5] En kyk, al die huidige heidene, behalwe die More en Sjinese in die uiterste verre Môreland, **is nakomelinge van Lot,** ook baie van die, soos diere verwilderde Skite, wat die middernagtelike lande van die aarde bewoon; hoe vind jy dat hulle geword het, ondanks die les wat hulle vader Lot geleer het?

[6] Gaan na Egipte en ondersoek hoeveel beter daardie volkere geword het deur die sewe plae! Wat het Moses nie alles gedoen nie; wat het al die profete nie gedoen nie?!

[7] Veertig jaar laat JaHWeH die te sleg geworde Judeërs ellendig versmag in die Babiloniese gevangenskap, hulle word behandel soos die slegste lasdiere en gevoer met die voer van varke en honde; die lieflike dogters van die Judeërs is onder geseling en allerlei martelinge deur die oormoedige Babiloniërs dag en nag verkrag totdat die dood ingetree het, net soos die seuns en jongelinge wat eers gekastreer is! Gaan en vra al die hoë en trotse Judeërs hoeveel beter hulle deur die les geword het!

[8] Noem my `n periode, een jaar, `n maand, `n week, `n dag, waarop die Meester die verslegtende mensdom nie persoonlik of in die algemeen getugtig het nie! In die hele Judea is geen huis te vind wat daarvan vry gebly het nie; sê self nou hoeveel beter die mense nou met die feite is?!

[9] Daarom kom jy veels te laat met jou raad aan My; want dit het alles al plaasgevind, en het vir die geestelike weg ook dít teweeg gebring wat dit teweeg moes bring; maar vir die uiterlike, aardse lewensomstandighede van die mense kan en mag in die grond van die saak geen merkbare gevolg intree nie, omdat dit alleen nooit `n rede was om van bo iets te laat gebeur nie.

[10] As Ek nou egter weer met donder en bliksem die evangelie van die ryk van Elohim op aarde aan die mense sou wou verkondig, sou Ek julle daarvoor nie nodig hê nie; want dan is daar in die hemele nog `n baie groot aantal magtige engele wat veel beter in staat sou wees om die Ryk van Elohim op aarde uit te brei as julle.

[11] Maar nou het die tyd gekom wat aan EliJaH getoon is toe hy verberg was in die grot op die berg. Nie in die storm nie, ook nie in die vuur nie, **maar in die fluistering van die wind kom JaHWeH verby!** En hierdie tyd van die sagte fluistering van JaHWeH voor die grot van hierdie wêreld het nou aangebreek. Daarom wil en mag ons nou ook nòg met stormgeweld, nòg met vuur daarteen uittrek, maar volgens die ewige ordening van Elohim slegs met alle liefde, sagmoedigheid en geduld. Maar julle moet die versigtigheid nie uit die oog verloor nie! Want Ek sien wel dat julle nou soos lammers onder die verskeurende wolwe kom; maar as julle verstandig is, dan sal julle tog baie tot stand bring!

[12] Pas daarom op vir die bepaalde wolfmense en laat hulle links lê; want dit is hulle wat julle sal oorlewer en voor hulle rade sal bring en ook sal gésel in hulle skole - en dit des te meer as julle dom en nie versigtig genoeg is nie! *(Matthéüs. 10: 17)* As `n lammetjie hom op die solder van die huis bevind waar die wolf nie kan kom nie, dan sal die wolf dit ondanks al sy bloeddorstigheid, nie kan seermaak nie. As die lammetjie egter eiewys is en van die veilige solder afgaan om die vyand van naderby te bekyk, dan is dit sy eie skuld as hy deur die wolf verskeur en opgeëet word.

[13] Later, as Ek weer na die hemele opgevaar het om ewige wonings vir julle gereed te maak in die huis van die Vader, sal mense julle ter wille van My Naam wel voor vorste en konings sleep om te getuig oor hulle en oor die heidene *(Matthéüs. 10: 18),* sodat daardeur ook vervul sal word wat JeshaJaH, My profeet, vir alle tye en vir My Ryk op aarde wat nou opgerig moet word, aan die domme konings voorspel het, toe hy sê *(JeshaJaH 32: 6-20):*

*(word vervolg)*